Kompetisie kan uitbrei

DIE supersojakompetisie wat in KwaZulu-Natal gehou word om die beste sojaboonboere te bekroon, kan dalk oor 'n jaar na ander dele van Suid-Afrika uitgebrei word.

Mnr. Johan du Plessis, sojaboer van KwaZulu-Natal, het gesê die doel van die kompetisie is nie net om boere teen mekaar te laat meeding om die hoogste opbrengs nie, maar ook om hulle in staat te stel om syfers met mekaar te vergelyk sodat hulle daaruit kan leer.

"Ons wil hê boere moet nuwe denke openbaar sodat ons Suid-Afrika se opbrengsplafon van tussen 4 en 5 ton/ha tot 7 ton/ha en meer kan verhoog."

Mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting, het gesê die beoordeling geskied nou net op grond van die hoogste opbrengs.